

BEROEPENUUS—23 Mrt. 2014**Beroepe aanvaar**

Prop MH le Roux na Newcastle

Beroepe bedank

Ds. JL Lee van Bothaville na Worcester

Jakobus 1: 1-12 - Beproeving (deur G van't Spijker)

Jakobus was 'n halfbroer van die Here Jesus. Hy en sy broers en susters het vir lank nie geglo dat Jesus die Messias is nie. Die Here het hom na die opstanding opgesoek.

Jakobus het tot bekering gekom en daarna beklee hy 'n belangrike plek in die kerk van Jerusalem.

Dit moes 'n ervaring gewees het om in dieselfde gesin as die Here Jesus groot te word! 'n Broer wat niks verkeerd doen nie, wat altyd regstaan as dit nodig is, wat vanselfsprekend liefde bewys, wat 'n toonbeeld is van 'n godvrugtige lewe. Jakobus noem nie dat hy in dieselfde gesin as die Here Jesus grootgeword het nie. Hy spog ook nie oor sy plek in die kerk nie. In sy brief sê hy nederig: " 'n dienskneg van God en die Here Jesus Christus." Dit sê baie, want 'n dienskneg van die allerhoogste Koning het tog 'n heel ander status as byvoorbeeld die slaaf van 'n handelaar. Maar hierdie dienskneg sê: Hy is my Meester. Jakobus word saam met die Here Jesus groot en hy sê: Hy is my Meester. Hy wil geheel en al aan Hom gehoorsaam wees en dit wil hy ook aan ander oordra.

Beproeulings

Jakobus skryf vir die gelowiges in die verstrooiing. Hulle kry swaar. Die mense het die Here Jesus vervolg, en hulle doen dit nou ook met sy volgelinge. Die Christene ervaar dat verdrukking deel is van hul Christenskap, dat regerings en owerhede teen hulle is omdat hulle Christene is. Na die steniging van Stefanus het baie Christene van Jerusalem af weggegaan. In hulle nuwe woonplekke word hulle maar weer verdruk. Dan word dit belangrik hoë jy as 'n gelowige lewe. Dit is dan ook vanweë die praktiese uitvoering hiervan dat Jakobus skryf. Om Christen te wees, is om 'n navolger van Christus te wees. Die vrugte van die geloof moet gesien kan word. Die eerste saak wat Jakobus behandel, is die swaarkry van die Christene. Ons wil liefs nie swaarkry nie. Dit is in ons geardheid om te kla. 'n Opdrag wat swaarkry van ons vra, is in teenstelling met ons natuur. "Ag dit louter vreugde, my broeders . . ." (Jakobus 1:2) is 'n aansporing wat gehoorsaamheid vereis. Dit is nie so maklik nie! *Word vervolg*

Vandag-Anna van Dyk 0724799710	*25/03– Andries Nienaber 0126647592
24/03– Martie de Jonge 0711085944	26/03– Petrus Venter 0847042348
24/03– Jan Malan 0825693131	*26/03– Johan Vosloo 0765150420
24/03– Nico Roets 0825860824	<i>Mag u ryklik geseënd wees met goeie gesondheid, liefde en vreugde die hele jaar deur * 80 jaar en ouer</i>

Bekyk die ding rondom vandaan. Die waarheid is altyd alkant-selfkant –
CJ Langenhoven

Baie geluk met
u verjaarsdag

Die Krugertjie

**Gereformeerde kerk Pretoria(d)****www.gkpretoria.org.za OF****www.gk-pretoria.weebly.com**

Kerkkantoor Sr. Amanda Tromp

0123262290 (8h00-13h00 Weeksdag)

E-pos: kantoor@gkpretoria.org.za Faks: 0123265287

Skriba: Oudl. Andries du Plessis 0123268154

Koster en attes-skriba: Oudl. Flip Minnaar
012- 3233194

Kassier: Oudl. Frik Eloff: 0825790745

Kerk bankbesonderhede: ABSA- 040340106

Voorsitter diakonie-Diak Henry Foster 0823772108

Orrelis: Sr. Hannetjie Bezuidenhout : 0837415173

23 Maart 2014**EERSTE EREDIENS—(9h00)****Skriflesing:** Mattheus 21:12-22**Teks:** Mattheus 21:12-13,,19**Sing:** Ps.66:1; Ps. 139:1,10;

Ps. 74:2,13,16; Ps. 68:3

**DIÉ ÉÉN GROTER AS DIE
TEMPEL**

Wie is Jesus en met watter gesag tree Hy op? Dit hang alles saam met wat Jesus van Homself al in Mattheus 12:6 geopenbaar het- **6 En Ek sê vir julle: Een wat groter is as die tempel, is hier.**

Die Joodse godsdienstige leiers het al op hierdie Maandag met wat Jesus by die tempel gedoen het en wat daar gesing is hulle nette fyner wou span.

KATKISASIE– Katkisasie gaan normaal voortKatkisasie lesse vir Laerskool op internet beskikbaar by <http://bit.ly/JQjBz4>**TWEDE EREDIENS** (ná katkisasie)**Skriflesing:** Psalm 92; 1 Petrus 2:1-10**Kategismus** : Sondag 38**Sing:** Ps. 84:1; Ps. 46:1; Ps. 92:1,7**DIE RUSDAG NOGMAALS
BEWONDER**

Ons het 'n lied vir die sabbatdag gelees. Vir 'n tweede maal staan ons bietjie stil by Sondag 38 van die Kategismus.

Wat ons verlede keer na gekyk het na Waarom Sondag... Wat beteken Sondag...Hoe moet ek Sondag vier, laat ons die dag vandag beskou as: Die dag van God se gedagtes. Die dag is die dag van God se werke. Die rusdag is die dag van God se sterkte.

Preke vanuit verskillende Bybelboeke kan elektronies afgelaai word by <http://bit.ly/XmtQM2>Eredienste in klank kan geluister word <http://bit.ly/Tetto1>

Ds. Petrus is betrokke by 'n Psalm projek, om soveel as moontlik preke oor die Psalms uit te gee. Bekend as Bruilofsliedere vir die Messias. Die preke oor die Psalms wat reeds beskikbaar is, kan gelees word by <http://bit.ly/12P9mzH>

Predikant:

Ds. Petrus Venter
012- 3356130
0847042348 (P) 0845119620(C)
pjventer@gkpretoria.org.za
9 de Laan 880
Wonderboom-Suid
www.gk-pretoria.weebly.com

Diensbeurt: (sluit in susters se skink beurte)**Vandag-Wyke 12 en 14**Ouderlinge: Boere Smith en Flip Minnaar
Diakens: Bernard Vorster**Volgende Sondag (30/03) – Wyke 16 en 17**Ouderlinge: Rudolf Bester en Frank Laubscher
Diakens: Abrie Möller en Adrianus Coertze

DRA MEKAAR SE LASTE EN DEEL MEKAAR SE VREUGDES...

Sr Janet Riekert wat geval en haar enkel op drie plekke gebreek het, word aan die genadetroon van die Here opgedra. Ons is dankbaar vir die operasie wat reeds kon plaasvind. Ons vertrou dat die tyd van genesing gesênd mag wees. **Br Dries de Ridder** bly in ons gebede in sy swaarkry en benoudheid. Daar was intussen weer hospitalisasie nodig. Ons dink ook aan **sr Alta** wat in die tyd ook terugslag gehad het en in die hospitaal was. Mag die Here hulle naby wees. **Ds. Andries Mulder** wat swaar dae deurgaans bid ons dat die Here hom naby sal wees. Ons dink ook aan sr Henta wat hom moet bystaan. **Sr Margaretha Coetzee** se verlangde knie-vervanging-operasie sou Donderdag plaasvind. Ons gebed is dat die operasie ook baie goed mag verloop en sy ook soos met ander operasie groot seën uit die herstel van die knieë mag ontvang. **Sr Ciska Odendaal** het na Pretoria gekom. Ons vertrou dat haar gesondheid mag verbeter. **Br Kallie Tromp** bly in ons gebede na die terugslae wat hy met sy gesondheid gehad het. **Sr Cora Kruger** bly ook in ons gebede na sy in haar hoë ouderdom groot terugslae gehad het. Haar liggaamskragte is min. **Sr Rina Aucamp** bid ons die Here se krag en genade toe. Sy gaan baie dae deur swaar beproewinge. Ons dink ook aan oom Louw en die kinders wat haar so getrou moet bystaan. **Br. Jurie Malan** wie se kragte min is en hy baie verswak het vra ons dat ons opnuut vir hom sal bid. **Sr Anna Eloff** is nog in Bly-Moedig –kliniek. Ons dink ook aan haar. **Sr Marie du Rand** vroeër van ons gemeente, nou in Gobabis moet baie dringend haar woonstel in Prestige park verhuur kry. n Baie ruim woonstel in die gesogte blok is beskikbaar teen R4500 per maand

GEMEENTE-KAMP

Ons wil graag almal se aandag vestig op die gemeentekamp wat DV hierdie jaar die naweek van 19-21 Sept. gehou sal word. Die nodige besonderhede is alles op die kennisgewingbord aangebring. Dit is belangrik dat ons vroegetydig die name inkry en die nodige bespreking maak. Die plek wat ons die jaar na wil gaan is pragtig maar daar is blykbaar beperkte plek. Ons is dankbaar vir br Boere wat weer vir ons die reëlings hierrondom in plek kry. Hy kan gekontak word by 0834823303

KOLLEKTE

Vandag: 1ste diens	DVB	Christelike onderwys
2de diens	DVB	Intand-houding
30/03/2014 1ste diens	Paul Kruger -kinderhuis	Jeugsorg
2de diens	DVB	Intand-houding

DAGBOEK

DATUM	GEBEURTENIS
28/03	Skole sluit
07/04	Skole heropen
18/04	Goeie Vrydag Erediens 9h00
22/04	Finans-Adviesverg
24/04	Kerkraadsverg

SUSTERS EN PAUL KRUGER - KINDERHUIS

Ons vra steeds vir onbederfbare produkte en blikkieskos vir die kinderkuis. Help aub hiermee deur in die karton-houers by kerk se ingang van hierdie produkte te plaas. Diegene wat getrou hiertoe bydrae word bedank. Daar het deur die jaar heelwat produkte op die manier hulle weg na die kinderkuis gevind.

Ons vestig ook u aandag op die SMS-nommer. Tik die woord PKK en SMS dit na 41092. Met elke SMS maak u 'n R25-00 bydrae.

Die susters bedank almal vir hulle donasies in susters se donasiekas by die teeskink....

SUSTERS RESEPTEBOEK

Die susters wil graag vroeg in hierdie jaar die resepteboek laat verskyn. Indien daar nog iemand is wat resepte wil ingee moet u dit asseblief voor die einde van Januarie aan sr Anria Möller gee. Haar e-posadres is anria_m@yahoo.com. Sy kan gekontak word by 0273731597.

DIE EVANGELIE: MATTHEÛS

Vervolg van verlede week

MATTHEÛS 12

12:41, die manne van Nineve – Waar Totius oor volksbeking gepraat het, verwys hy an hierdie gedeelte: Die mense van Nineve het nie die beking tot saligheid gehad nie, bv om hulle afgodstem-pels af te breek nie. Hulle het net geglo dat die oordeel waarvan Jona preek, oor hulle sal kom. Ons weet wel nie wat in die harte van al die mense gebeur het nie, maar Nineve het steeds vyand van Israel gebly en is deur hulle afgodsdienste deur God tot niet gemaak. So spreek Nebukadnesar se glo van Daniël se woorde ook nie van ware beking nie. Tog sal Nineve se luister na die woord wat tot hulle gekom het, hulle vóór die Israeliete stel wat in afval en ongelooft gebly het.

12:42-43, veroordeel . . . meer as Salomo – Jesus is hier nog in die begin van Sy prediking, maar begin Homself al openbaar as die Regter, uit die nageslag van Dawid, wat groter is as Sy “voorouers”.

12:43-45, “Van kwaad tot erger”– So betitel Totius 'n stuk oor hierdie verse. Hy begin skryf daaroor: “Wonderbaar, geheimsinnig, onduidelik selfs klink hierdie gelykenis as ons dit so oppervlakkig-weg lees. Die verband is nie terstond duidelik nie, en die inhoud klink raaiselagtig.”

Jesus kom by die einde van Sy woorde hier terug na die saak waaroor Sy preek begin het. Dit was die genesing van 'n duivel-besetene. Die Fariseërs het gesê Hy doen dit deur Beëlsebul. In die vermaning wat volg, noem Jesus hulle die besetenes, want hulle het God se werk aan Satan toegeskryf.

Met hierdie gelykenis teken Hy die geskiedenis van Israel, wat soos 'n duivel-besetene was. Hulle afgodsdienste was die rede waarom God hulle in ballingskap gestuur het. Na die terugkeer na hulle land het die “besem van die Fariseïsme” die volkshuis skoongevee en versier met hulle eie vervalste leer. Uiterlike dade alleen was vir hulle die godsdienste. Hulle het meer aandag aan die offerande as aan die gees van die offeraar gegee.

Die geskiedenis van die Jode se verdoemenis van Jesus en die vervolging van Christene wys dat daar “liewer seweduisend hulle intrek in die nasie geneem het.” Israel se geskiedenis het agteruit gegaan van afgodery, na huigelary en na verharding. Natuurlik was daar derduisende Jode wat hulle tot Christus bekeer het, maar die meerderheid het

volhard in die kwaad.

As Christene moet ons bly waak teen so 'n agteruitgang by onself ook. Totius wys dan op die wêreldtoestand en die stand van sake in ons eie land, waar gevaartekens sterk is. Die vredeskonferensies van die nasies het op die oog af die huis skoongevee, maar die tafel is gedek vir groter afval. Hy wys op die skoolstelsels, waar wette die gewetens van mense wel sus, maar die huis is eerder voorberei vir die intrek van nog duiwels.

[Lees gerus die volle uiteensetting in Totius se Versamelde Werke, Boek 5,bll 69-75. Hy praat op hierdie trant ook oor ons jongmense, landstoestand en Pinksterfees.]

Totius eindig hierdie artikel met die woorde: “Mog ons maar in donker dae die troos ervaar. As die Gees van God ons vervul, as Hy ons leer, ons troos en bewaar, dan kan die wêreld met al sy boosheid ons nie skaad nie. Dan gaan ons vrolik voort op ons pelgrimspad. Dan leef ons deur die Gees en wandel deur die Gees, en dan volbring ons nie die begeerlikheid van die vlees nie. Dan sal die Here ons ook veilig bewaar vir die onreine geeste waar die wêreld van vol is.”

MATTHEÛS 13

Die Koninkryks-gelykenisse begin

13:1-2, by die see – Dit is moontlik dat hierdie eerste gebeure in Galilea waarskynlik redelik kort op mekaar gevolg het. Dit kan wees dat Mattheüs hierdie gebeure besonder skerp onthou, omdat dit so naby aan sy eie roeping plaasgevind het. Totius verbind dan die gebeure met die Romeinse hoofman, die verskillende gebeure in die sinagoge, Levi se roeping en die preke by die see almal nou met mekaar.

In hierdie hoofstuk sien ons hoe Christus die gebeure van die afgelepe tyd begin saamvat om die mense te leer dat die Koninkryk werklik naby gekom het en hoe dit sal wees.

Die gedrang van die skare noop Jesus om in 'n boot te klim om hulle beter te kan toespreek.

13:3, gelykenisse – Waarskynlik is daar baie preke van Jesus, en beslis baie wonders, wat nooit opgeteken is nie. In die laaste vers van Johannes (21:25) sê die Apostel dat as alles opgeteken moes word wat Christus gedoen het, dink hy dat die wêreld die boeke nie kon bevat nie. Dit is waarskynlik 'n spreekwyse wat gebruik is om die geweldige getal van woorde en dade uit te druk.

Word vervolg

HIERDIE MAAND/E IN DIE GESKIEDENIS-

16 Mrt. 1852– Potgieter en Pretorius versoen op Rustenburg; 17 Mrt. 1707– Willem Adriaan van der Stel uit die Kaap teruggeroep; 17 Mrt. 1820– Eerste Britse setlaars kom in die Kaap aan; 17 Mrt. 1890– Eerste spoorlyn word in ZAR geopen-verbindingtussen Jhb. En Boksburg; 17 Mrt. 1951– Die PU vir CHO kry volwaardige universiteitstatus; 20 Mrt. 1862– Eerste sinode van die GKSA in die Vrystaat-Reddersburg; 21 Mrt. 1858– Afskeid van ds. Dirk Postma van sy Nederlandse gemeente Zwolle ; 24 Mrt. 1880– Volksbyeenkoms op Kleinfontein; 25 Mrt. 1807– Slawehandel opgehef; 26 Mrt. 1858– Lasbrief aan ds. Postma uitgereik om na SA te vertrek; 27 Mrt. 1900– Genl. Piet Joubert oorlede; 25 Mrt. 1943– Stoeier en OB lid Johannes van der Walt sterf; 3 Apr. 1866– Genl. JBM Hertzog gebore; 3 Apr. 2010– Eugene Terre'Blanche vermoor; 6 Apr. 1652– Jan van Riebeeck anker in Tafelbaai; 6 Apr. 1654– Van Riebeeck gelofte word afgelê; 7 Apr. 1948– Hugenotemonument word ingewy